Western Cape Government
BETTER TOGETHER.

# Media release

**Mediaverklaring: WKOD se waarskuwing aan leerders oor dissipline in skole**

**19 Februarie 2020**

**Verklaring deur Brian Schreuder: Hoof van die Departement – Wes-Kaap Onderwysdepartement**

Leerderdissipline in skole bly 'n groot kommer vir die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD). Fisieke of verbale misbruik sal eenvoudig nie geduld word nie en ek neem sterk standpunt hieroor in. Ons moet dáárdie leerders en opvoeders wat 'n bydrae wil lewer tot gehalte onderrig en leer beskerm. Gewelddadige en mishandelende gedrag hoort nie in ons skole nie. Leerders en hulle individuele regte moet die kern wees van alles wat in ons skole plaasvind.

Rampokkery strek ons ook tot groot kommer. Hierdie bedreiging is nie altyd sigbaar of bekend aan opvoeders en leerders nie, maar dit kan skielik opvlam en aanleiding gee tot gevaarlike en gewelddadige omstandighede.

So 'n geval het verlede jaar by 'n hoërskool in die Wes-Kaap plaasgevind. 'n Gewelddadige geveg het uitgebreek, oënskynlik as gevolg van wedywering tussen bendes in die gemeenskap. Wat plaasgevind het, was werklik skokkend.

Leerders het mekaar rondgejaag met wapens wat gewissel het van pangas en messe tot skêre. Twee leerders is gesteek en ander is liggaamlik beseer. Wat kommerwekkend is, is dat hierdie geveg bewimpel is terwyl leerders versteekte wapens op die skoolterrein gehad het. Gelukkig was geeneen van die bystanders beseer nie, maar die geveg het 14 leerders uit verskillende grade betrek. Die leerders was geskors en het 'n dissiplinêre verhoor in die gesig gestaar. Die beheerliggaam het aanbeveel dat die 14 leerders uit die skool gesit moet word. Toe ek die lêer gekry het, was ek hartseer oor dit wat ek gelees het.

Skole is openbare plekke en kragtens die *Regulasies vir Veiligheidsmaatreëls by Openbare Skole, 2001*, soos gewysig, het die nasionale Minister van Basiese Onderwys alle openbare skole tot **dwelm-** en **gevaarlike wapensvrye sones** verklaar. Hierdie 14 leerders het nie net hierdie regulasies oortree nie, maar ook hulle skool se gedragskode, en het hulleself, ander leerders en opvoeders in gevaar gestel.

Ons kan en gaan eenvoudig nie hierdie soort gedrag in ons skole duld nie. Gegrond op die bewyse voorhande, het ek dus besluit om hierdie aanbeveling te bekragtig en al 14 leerders uit die skool te sit. Ek het verlede jaar die aanbevelings vir die uitsetting van 132 leerders in die provinsie bekragtig, waarvan 41 gevalle aan geweldadige gedrag of aanranding verwant was.

Leerders behoort ons skole te gebruik om "In te gaan om te leer en uit te gaan om te dien". Affiliasies met bendes, geweld, verbale teistering en misbruik van middels hoort nie in ons skole nie. Ek wil ook alle leerders waarsku dat daar in die toekoms strenger opgetree gaan word teenoor herhaalde afknouery by ons skole. Skole moet asseblief seker maak dat hulle gedragskodes ook van toepassing is op aanlyn leeraktiwiteite wat betref afknouery op sosiale media.

Skole moet dissiplinêre stappe in werking stel ingeval leerders hulle gedragskodes oortree. Wanneer iemand skuldig bevind word aan gevaarlike, gewelddadige en aanstootlike gedrag, sal ek nie huiwer om 'n besluit te neem wat in die beswil van die ander leerders en opvoeders by die skool is nie. Ons skole moet gebruik word vir leer en niks anders nie.

Die WKOD sal voortgaan om programme wat help om konflik aan te spreek, in die lewe te roep. Ons sal ook voortgaan om werksessies en programme oor antirampokkery en middelmisbruik, kuberwelstand en waardesgedrewe inisiatiewe te voorsien deur middel van ons Transformeer om te Presteer-strategie. Ons Transformeer om te Presteer-strategie poog om positiewe gedrag in ons skole te bevorder, saam met 'n ingesteldheid vir groei en waardesgedrewe benadering tot ons portuurgroep en opvoeders.

Hierdie verklaring dien vandag as waarskuwing aan al die leerders van hierdie provinsie om hulle skole, medeleerders en opvoeders te respekteer. Ek doen 'n beroep op alle gemeenskappe, ouers, opvoeders en skole om saam te werk om ons skole veilig te hou en dit te beskerm as plekke waar daar geleer word.

Kom ons hou geweld, konflik, dwelmgebruik en mishandeling weg van ons skoolterreine af.